

SAHARA - AVONTUUR
REEKS
NO. 4
WRAAK VAN DIE WOESTYN
Meiring Fouché

# WRAAK VAN DIE WOESTYN

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Wraak van die Woestyn

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

WRAAK VAN DIE WOESTYN
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-03-2

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

’n Patrollie van die Franse Vreemdelegioen bly drie dae langer weg as wat beplan was. Dan daag hulle onverwags by fort Dini Salam op, vasgemaak bo-op perde en so erg gemartel en geskend dat nie een van hulle meer lank lewe nie. Die blond Suid Afrikaner wat hulle vergesel het, het egter nie saam teruggekom nie. Hy is ook deur El Karima weggevoer na Doetra, die hoofstad van die Doelaks, om daar te gaan sterf op die heuwel van die berg arende. Net toe Teuns dink dat hy wreed gaan sterf op die heuwel van die arende, daag hulp op vanaf ’n ou vriend wat ook ’n wrok koester teen die vorstin van Doetra, El Karima. Voor Teuns en sy redder probeer ontsnap uit Doetra, besluit Teuns om die Doelaks se heilige Swaard van Doetra te gaan steel, uit die paleis van El Karima.

Intussen kry die bevelvoerders in Dini Salam opdrag van die Opperbevel in Frankryk dat hulle nou vir eens en altyd moet ontslae raak van die wit heks, El Karima, omrede sy al te veel Franse bloed op haar hande het. Kaptein D’Arlan, die spreekwoordelike Houdini van die Sahara, lê ’n fantastiese plan voor aan kolonel Le Clerq, bevelvoerder van Dini Salam. Dit is ’n gewaagde, maar uiters briljante plan wat die Legioen nog nooit vantevore toegepas het nie.

Met slegs sestig man tot sy beskikking, vaar D’Arlan en sy manskappe die Sahara woestyn binne, om sy plan van

aksie uit te voer. Hulle slaag daarin om die eerste Doelak patrollie maklik te oorwin. D'Arlan se geheime plan skok die Doelaks in so mate dat El Karima toe vyfhonderd Arabiere stuur. Hulle kry die Legioen slegs omsingel, maar kan hulle ook nie oorwin nie. Dan besluit Karima om self tweeduisend Doelaks te lei om finaal te gaan ontslae raak van D'Arlan en sy sestig man in die woestyn.

Teuns het wonderbaarlik daarin geslaag om die heilige Swaard van Doetra uit die paleis te steel, maar die hele woestyn is in rep en roer om na hom te soek. Nie lank nie of Teuns word weer gevange geneem. Maar dan daag daar een van die natuur se kragtigste verskynsels op, wat Teuns die geleentheid gee om weereens te kan ontsnap. Hy bereik D'Arlan en sy manskappe wat deur El Karima aangeval word met tweeduisend Arabiere en wie se water en patrone bykans op. Dan doen Teuns Stegmann iets op sy eie, so onverwags en so ongelooflik dat dit almal totaal onkant vang en groot chaos veroorsaak in die woestyn…

# UITTREKSEL

Met ’n skielike blinde woede loop Teuns die vlugtende Arabier van agter af in en op tien treë slinger hy daardie kromsabel, soos hulle dit in Dini Salam leer doen het, wanneer hulle niks anders te doen gehad het nie.

Die sabel vlieg soos ’n dodelike sekel deur die lug en dan steek dit trillend tussen die Arabier se blaaie in. Hy val met ’n hoë skreeu vooroor en sy fluitjie val uit sy mond en lê en blink daar op die sand van die paradeterrein.

Teuns sien hoe dat hy ingesluit word deur die nuwe wagte. Verskeie soldate op perde kom van die stalle se kant af aangery. Teuns hardloop nie meer nie. Hy steek vas en dit voel vir hom of sy haat darem al ’n bietjie afgekoel is. Hulle kom nader en maak kring om hom. ’n Weerbarstige offisiertjie kom nader en gryp Teuns aan sy bors. Hy ruk die groot man, altans, hy probeer hom rondkyk, want die offisiertjie is woedend omdat hy blykbaar die slagting gesien het wat Teuns soos ’n dwarrelwind onder die wagte aangerig het.

Teuns se vuis trek nie meer as ’n paar sentimeter nie. Dit vang die windmaker Arabier op die krop van sy maag en hy vou dubbel soos ’n ou hoepel.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Sterwende Ruiters

2. Bloedige Snawels

3. Soos ’n groot Speld

4. Die Silwer Swaard

5. Bloed op die Marmer

6. Slaap is ’n Vyand

7. Reis na die Dood

8. Son van Koper

9. Onkeerbare Vyand

10. Moordende Hoewe

# 4. WRAAK VAN DIE WOESTYN

## Hoofstuk 1
## STERWENDE RUITERS

Op die borswerings van die vesting Dini Salam van die Franse Vreemdelegioen, stap twee wagte in die nagwind na mekaar toe en toe hulle bymekaar kom, klap hulle hul hakke, soos dit hulle betaam om te doen.

Hulle swaai egter nie om en stap in teenoorgestelde rigtings weer weg van mekaar af nie, soos dit hulle ook betaam om te doen nie.

Want die een wag het met die ander gepraat, wat natuurlik heeltemal onbetaamlik is en heeltemal strydig met die dissipline van die Vreemdelegioen.

“Jack,” fluister die een wag wat met die lang Lebel geweer oor sy skouer, groot en sterk in die dun skynsel van die maan vertoon.

“Ja?” fluister die ander wag nuuskierig.

Die grote is Fritz Mundt, die yslike Duitser, die grootste man in die hele garnisoen, ja in die hele Vreemdelegioen. ’n Man wat ’n hele vat bier sal wegslaan as hy net die kans daartoe kry.

En Jack is Jack Ritchie, die blonde Engelsman uit die adelstand, wat by die Vreemdelegioen aangesluit het eerder as om sy goeie landelike familie in Engeland in die skande te steek, met ’n klein oortreding wat hy daar begaan het.

“Wat is dit, Fritz?” fluister die Engelsman saggies en maak sy oë nou om die uitdrukking op die Duitser se gesig

te probeer sien.
“Ek sê vir jou daar is ’n skroef los, iets is definitief verkeerd. Ek kan dit so aan my voel.”
“Dit het jy al honderd maal gesê, maarskalk Von Boek,” terg Jack, hoewel hy diep in sy binneste ook glad nie gerus voel nie.
“Dit maak nie saak of ek dit al ’n duisend maal gesê het nie,” verweer die Duitser homself. “Dit bly nogtans waar.”
Hierdie sal nie die eerste patrollie wees wat laat opdaag nie, Fritz,” probeer Jack fluisterend troos, maar sy eie woorde oortuig hom glad nie.
“Hulle moes al drie dae gelede terug gewees het en daar is tot op hierdie hede nog geen taal of tyding van hulle nie.”
“Dalk ’n klompie mooi Arabiese meisies by die een of ander oase raakgeloop, ou grote,” probeer Jack spot.
Fritz Mundt, net so ernstig soos die volk waaraan hy behoort, steur hom nie aan hierdie ligsinnigheid nie. “Het ek jou nie gesê dit gaan ongelukkig wees as hulle ons twee van die Suid Afrikaner, Teuns Stegmann, skei nie? Het ek jou nie altyd daardie ding vertel nie? En hier het ons dit nou. Ek sê jou ’n ramp het daardie patrollie getref net omdat ons drie geskei is. Dit is nie goed nie. Dit is heeltemal verkeerd. Ek het nog altyd daardie gevoel gehad. En nou is daardie gevoel van onheil bewaarheid. Ek kan dit aan my broek voel. Ek weet nie wat D’Arlan makeer het om ons drie hierdie keer te skei nie. Vir wat het hy ons nie saamgestuur op hierdie patrollie nie?”

“Ek dink D’Arlan het ’n plan om die Suid Afrikaner na die rang van korporaal te bevorder. Dit is die dat hy saam met Vermeer se patrollie gestuur is. Nooit anders nie.”

“Jack, kan jy al een geleentheid onthou dat ons drie nie bymekaar was nie, ek, jy en Teuns Stegmann? Kan jy?”

“Nog nie een keer was ons geskei nie,” gee Jack Ritchie toe en meteens bring hierdie besef ’n skok deur hom. Hy, die groot Duitser en die Suid Afrikaner Stegmann, het boesemvriende geword en hulle het dit nog altyd so bewerk dat hulle bymekaar was, selfs in die grootste gevaar. As hulle te veel wyn drink, is hulle altyd bymekaar om mekaar te help. As hulle die slag verlof het en vroumense uitneem, dan is hulle bymekaar. As daar ’n bakleiery onder die manne uitbreek, dan is hulle drie bymekaar. In die woestyn het hulle al baie maal mekaar se laaste water gedrink en mekaar se laaste sigaretstompies gerook. En hulle twee is meer as net maats met die lang, blonde Suid Afrikaner, wat by die Vreemdelegioen aangesluit het omdat die Arabiere in die Tweede Wêreldoorlog sy broer vermoor het. Hulle koester vir hom ’n stilswyende bewondering, want hy is die dapperste man wat hulle nog gesien het. Nie een van hulle het al vergeet hoe dat Teuns Stegmann daardie keer ’n hele kolonne van die Vreemdelegioen gered het in Doetra, die hoofstad van die opstandige Doelaks, wat gelei word deur daardie wit heks, El Karima nie.

“Dit is juis waar die knoop lê,” sê Fritz Mundt. “Hierdie keer is ons geskei en dit is moeilikheid. Ek sê jou daar het iets gebeur.”

“Dink jy, meen jy, dat die patrollie dalk oorval is?” vra Jack huiwerend.
“Wat anders? Daardie vervloekste Doelaks was nou lank genoeg stil. Dit is haas tyd dat hulle weer met hul streke begin. Ek sê vir jou daar is groot fout.”
“Ek kan my nie daarmee versin dat Teuns Stegmann, dat hierdie manne om die lewe gebring is nie.”
“Ek probeer liewer nie daaraan dink nie,” sê Fritz en hy skud meteens sy breë skouers grillend. “Maar dit is net so wel dat ons aan die moontlikheid dink. Waar kan hulle wees? Hulle moes al drie dae gelede terug gewees het. Ek dink D’Arlan is net so bekommerd soos ons. Vanmiddag het hy ’n paar man na die karavaandrywers gestuur, om te gaan uitvis of hulle nie sersant Vermeer se patrollie gewaar het nie.”
“En?”
“Die drywers het niks gesien nie, nie eens ’n spoor nie. En Vermeer se patrollie was veronderstel om die hoof-karavaanroete na die Atlasberge te volg. Hulle moes Vermeer en sy manne teëgekom het. Hulle moes!”
“Wie sê hulle praat die waarheid, hierdie drywers? Jy weet, hulle...”
“Sjuut!” fluister Fritz dringend.
“Wat is dit?”
“Het jy niks gehoor nie? Jy is ook so hardhorend, Engelsman, dat die Arabiere jou harslag kan uithaal sonder dat jy dit weet.”
“Hoor daar! Daar is dit weer. Kan jy hoor?”
“Hierdie keer het ek dit gehoor,” beken Jack Ritchie

amper trots. “Klink soos ’n perd wat runnik.”
Daar hoor hulle dit weer. Ja, dit is ’n perd wat daar runnik, saggies en flou asof die dier op die punt staan om te sterf. Dit is nie die runnik van ’n vars perd nie.
Maar daar is ook nog ’n ander geluid wat hulle vaagweg hoor, ’n diep, klaende geluid soos die van ’n sterwende wat in vreeslike nood verkeer, soos die versugting uit ’n diep foltering. En daardie geluid stuur koue rillings deur hierdie twee geharde manne van die Vreemdelegioen. Dit is nie die eerste keer dat hulle daardie gekla-gekreun hoor nie. Hulle weet maar te goed wat dit beteken.
Mundt en Ritchie haas hulle na die borswering en loer deur twee openings tussen die kort torings van die borswering.
Fritz Mundt se hande bewe op die koel beton van die borswering se toring en Jack Ritchie voel hoe dat sy mond skielik droog geword het en hoe dat sy ore gloei.
“Wat die duiwel?” vra Mundt fluisterend, terwyl hulle hier deur die flou maanlig staar na wat hier onder die fort mure te siene is.
“Ruiters,” sê Ritchie. “Maar daar is bloed. Ek kan dit selfs hiervandaan sien.”
“Wat het ek jou gesê?” fluister die Duitser dringend en spuug sy pruimpie eenkant toe weg. “Wat het ek jou gesê?” Hy skreeu dit amper uit.
“Wie en wat is dit?” verneem die Engelsman.
Weer daardie vreeslike gekreun, daardie sugtende klag wat voel of dit deur murg en been sny. En weer ’n perd wat floutjies runnik.

“Vermeer se patrollie het teruggekeer,” sê Fritz Mundt en daar is ’n snaakse klank in sy stem. Met hierdie woorde swaai hy om en haas die trappe af na die wagtekamer. Fritz Mundt se oë is groot en glinsterend toe hy daar instorm.

“*Mon sergeant*,” bars Mundt uit teenoor sersant Renan, die offisier van die wagte, “hier, hier is ruiters buite die mure, gewonde ruiters.”

“Ruiters, wat se ruiters?” vra die sersant fronsend.

“Hulle het die uniforms van die Legioen aan, *mon sergeant*...”

“Wat praat jy, manskap Mundt?” vra die sersant verstom, spring orent, plak sy kepi op sy kop en storm by die wagtekamer uit. Die paar kêrels wat daar gesit en wag het om die wagte op die borswerings af te los, hardloop agter hom, Mundt en Jack Ritchie aan. Hulle pyl na die poort toe en vier kêrels spring aan die swaar poelie wiel waarmee die swaar poorthekke oop en toe gemaak word.

Dan is hulle buite en hardloop onder langs die mure om na die westekant van die fort toe.

Wat hulle daar in die dun maanlig sien, laat die manne onwillekeurig vassteek. Hulle snak na hul asems en hulle prewel hul skok en hul afsku uit.

“Goeie, genadige hemel!” fluister sersant Renan en dan loop hy huiwerend nader. “Sulke verderflike barbare.”

Fritz Mundt en Jack Ritchie verbreek die aaklige onmag van die manne om te beweeg. Hulle spring meteens weg en hardloop nader na die klompie perde toe wat hier op ’n bondel staan. “Verderflike Doelakhonde,” sê Fritz Mundt

sag en sissend terwyl hy haastig die bebloede “ruiters” deurkyk.
Maar hierdie is nie ruiters nie. Hierdie is aaklig verminkte manne wat in fantastiese houdings op die perde vasgemaak is. Slap manne wat kreunend op die perde lê en bloei.
“Bring die perde die fort binne,” gelas Renan vinnig en dan word die diere haastig na binne gelei.
“Gaan maak vir *capitaine* D’Arlan en die mediese ordonnans onmiddellik wakker,” beveel Renan aan twee kêrels wat nou ook op die toneel aangehardloop gekom het.
’n Paar minute later lê die manne in die hospitaalkamer. Sersant Vermeer, leier van die patrollie wat bietjie meer as ’n week gelede uitgestuur is, is reeds dood. Sy gryserige kop lê slap agteroor, want die Doelak messe het sy een groot slagaar afgesny. Van die klompie manne lewe omtrent nog net vier. Die ander het reeds gesterf aan bloedverlies of aan die aaklige marteling waaraan die Doelaks hulle onderwerp het. Renan kyk net een maal na die vreeslike wonde en dan sê hy.
“Dit is die werk van die Doelaks. Hierdie is die werk van El Karima en haar gespuis. Net hulle is so barbaars. Net hulle kan mense mishandel asof hulle diere is.”
Die Legioenmanne staan met ’n aaklige walging en staar na hierdie nuwe wandaad, hierdie gruwelike onmenslikheid van die Doelak-Arabiere onder hul wit leidster. Daar is manne wat met hul hande staan en wring. Ander manne draai hul gesigte weg. Nog ander het liewer

uitgeloop het as om na hierdie ontsettende skouspel te staan en kyk.
Hier is ’n hand by die pols afgesny, daar makeer ’n neus, daar twee ore en daar is net ’n pols se aar afgesny.
Kaptein D’Arlan wat stil binnegekom het, gaan kniel by die bed van ’n jong soldaat. Hierdie was sy eerste patrollie en miskien is dit omdat hy nog so jonk is dat hy in staat is om nog te kan praat.
“Kan jy my vertel, *mon ami*. Kan jy my vertel wat gebeur het?” vra D’Arlan met ’n oneindige simpatie in sy stem. “Wat het gebeur, *mon ami*?”
Die jongman se lippe roer krampagtig en die trane lê groot en blinkend in sy gemartelde oë. Hy haal baie saggies asem, want sy lewe is besig om weg te vloei deur die twee gapende wonde aan sy gewrigte.
“Kan jy praat, *mon ami*?” por D’Arlan hom weer aan.
“Dit is hulle. Dit is die Doelaks.”
“Die Doelaks...?”
Hy knik. “Hulle het ons oorval, eergister. Die wit vrou, sy...”
“Wat van die wit vrou, *mon ami*?”
Hy stoot sy geswolle tong oor sy lippe wat so flenters gebars is. “Die wit vrou, sy was by, sy was daar.”
“Daardie ellendige heks,” fluister D’Arlan knersend.
“Ons, ons kon nie veg nie. Daar was ’n honderd van hulle.”
“Wat het toe gebeur, *mon ami*?” vra D’Arlan en druk weer ’n glasie met konjak voor die sterwende man se mond.
“Hulle, hulle het ons nader gebring. Party is terug na hul